## 17 Augustus Matteus 14:22-33

### *Christus bring ons deur blootstelling tot ware kennis van Hom*

Ons sê dikwels dat jy iemand eers waarlik ken as jy 'n sak sout saam opgeëet het. Daarvan kan die dissipels, maar in besonder Petrus, eerstehands getuig. Dit is eers nadat hulle saam met die Here deur benoudheid is dat hulle kon uitroep: "U is waarlik die Seun van God".

Wie is die Here vir jou? Is Hy die een wat vir die voorspoed in jou lewe sorg? Teëspoed tref ander mense. Omdat die dissipels die Here nog nie werklik geken het nie is dit al wat hulle van die Here geweet het. Die Here sal sorg. En toe die Here daar op die see nie sorg deur die storm dadelik in bedwang te hou nie, het hulle hele wêreld inmekaar gestort. Maar hoe hanteer die Here hulle angs? "Wees gerus, dit is Ek!" Is dit nie gerusstellend nie? Die Here self is in al ons benoudheid, angs, opstand en vrees met ons.

Hierdie kennis het Petrus nog nie gehad nie. Met deernis, maar nie sonder vermaning nie, lei die Here hom tot hierdie kennis. Maar die Here verlang nie net kennis van Hom nie, maar ook kennis van onsself. U sien, gebrek aan ware kennis van die Here lei tot onderskatting van die Here se mag en krag. Gebrek aan ware kennis van onsself lei tot oorskatting van onsself. Dit is blywende kennis wat diep insink as ons besef: Die Here stoot ons nooit weg as ons faal en struikel nie. Hy is in ons diepste nood en lewenskrisisse steeds by ons.

Sing: Psalm 138:1, 2, 4Ds. M.E. Schalekamp (Potchefstroom-Mooirivier)